Saterdag 17 Oktober
Skrifgedeelte: Johannes 17:24-26 (AFR83/AFR2020)
Fokusgedeelte: Johannes 14:26 (AFR83/AFR2020)
Ek mag deelhê aan die ewige liefde wat die Vader vir die Seun het. Halleluja!

Die skoonheid van Jesus se gebed tot sy Vader in Johannes 17 is eintlik onbeskryflik. Hierdie gebed handel oor Jesus se verhouding met sy Vader, sy dissipels en ons (die kerk). Jesus bid laastens vir sy kerk en dan eindig die gebed met die frase *"sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees"*. Dink vir 'n oomblik wat Jesus hier sê ... God die Vader het sy Seun van ewigheid af met 'n perfekte, onbesmette, passievolle liefde liefgehad (vs 24) en hierdie liefde moet, vra Jesus, ook in ons wees. Die kerk wat sou ontstaan na Jesus se kruis en opstanding moet 'n Goddelike liefde beleef en ook uitstraal teenoor mekaar en die wêreld.

Maar daar is selfs 'n verdere openbaring in vers 24. In die vers bid Jesus dat die kerk Jesus se heerlikheid sal sien wat die Vader aan Jesus gegee het, omdat Hy Hom liefhet. Die heerlikheid van Christus wat sy volgelinge sal sien, is sy heerlikheid as God, die heerlikheid wat Hy voor sy sending na die aarde geniet het as gevolg van die Vader se liefde vir Hom. Die uiteindelike hoop van Jesus se volgelinge draai dus om die liefde van die Vader vir die Seun, soos dit in Johannes 14:31 draai om die liefde van die Seun vir die Vader. Ons kan dus die gevolgtrekking maak dat diegene wat saam met die Seun die vreugde om deur die Vader liefgehê te word (vs 23) geniet, ook in die heerlikheid waartoe die Seun herstel word as gevolg van sy triomfantlike dood/verhoging sal geniet.

Hierdie is so kragtig, want dit beteken dat as die liefde van die Vader aan jou gegee word, dan doen sy liefde ook dieselfde met jou as wat Hy met Jesus gedoen het en dit is om sy kind te verheerlik (Matt. 23:12; Luk. 14:11; Luk. 18:14) . Wat 'n troos is dit in my swaarkry vir die evangelie, wat 'n troos is dit in allerhande vorme van lyding wat ek beleef. Ek deel in dieselfde liefde wat die Almagtige Drie-enige God in deel, en God se liefde sal my verheerlik, maak nie saak wat my toestand tans is nie.

Laat hierdie waarheid vandag jou kop optel en mag ons uitsien na die waarwording van hierdie kosbare belofte!

*Sing: Skrifberyming 1-1:1, 6, 7 (tweede melodie)*

*Ds. CJ (Jaco) Lemmer (Cachet)*